
# Rietstok – Uitgawe 61

Februarie 2024

# Somer



# Inhoudsopgawe


- Lewensles
- Uit die Voorsitter se venster
- Meningspeiling
- Seniors
- Kampnuus
- Toekennings
- Verjaardae/Huweliksherdenkings
- Storie tyd – Desember 2023
- Kom lag saam
- Kampkos
- Advertensies


Net soos 'n potlood, het almal van ons nodig om gedurig skerpgemaak te word. Die skerpmaakproses beteken dat God van ons uiterlike moet wegsny om by die kosbaar, buikbare te kan uit kom. Ons kán weier dat Hy ons skerpmaak, maar dan word ons vining stomp en nie meer bruikbaar in die Kunstenaar se Hand nie! Onthou ook, hoe mooi kleurvol en blink die potlood ook al aan die buitekant lyk, die heel belangrikste van wie jy is, is dít wat binne in jou is.

5 belangrike lesse om te leer van 'n potlood:

1. Alles wat jy doen sal altyd 'n merk agterlaat;
2. Jy kan die foute wat jy maak altyd later weer uitvee en dit oordoen;
3. Wat belangrik is, is wat jy diep binne-in is;
4. In jou lewe sal jy pynlik skerpgemaak moet word, maar dit sal jou net meer bruikbaar maak in God se Hand;
5. Om die beste potlood te wees wat jy kan wees, moet jy toelaat dat die Kunstenaar jou vashou in Sy Hand en jou gebruik soos Hy wil!

(Geleen)

# Rietvallei Bestuur


**Voorsitter**
Pieter Viljoen 078 094 7436
rietvallei@sawa.org.za

**Ondervoorsitter**
Frans Scholtz 082 576 3516

**Penningmeester**
Tjaart Klaasen

**Sekretaris**
Johan la Grange 063 132 8151
rietvallei.sawasekr@gmail.com

**Redakteur**
Magda Britz 082 083 9295

**Senior Burgerverteenwoordiger**
Elmarie le Roux 083 551 9367

**Kampkoördineerder**
Bertus Marx 061 581 2560

**Addisionele lid**
Pieter le Roux 083 258 3613

**SAWA Webblad:** www.sawa.org.za


Find us on Facebook

# Beskuit bak

Die nuwe predikant op die dorp word uitgenooi na 'n manne-ontbyt saam met 'n groep boere. Hulle vra een van die ouer boere om die seën vir die ete te vra.

"Here," begin hy.
"U weet hoe ek karringmelk haat?"
Die predikant is geskok. Hy loer onderlangs na die boer.
Hy is ongemaklik, hy weet nie wat om te dink nie.

"Here ek haat varkvet," bid die boer voort.

Die predikant is geskok. Hy loer weer onderlangs na die boer.
Hy is ongemaklik, hy weet nie wat om te dink nie.

"En Here, U weet dat ek rou koekmeel nie kan vat nie, bid die boer voort."

Die leraar loer weer en sien dat die ander boere ook ongemaklik raak.

Die boer bid voort. "Maar Here, wanneer ons dit alles saamgooi, dit meng en bak, kry ons die lekkerste beskuit. So, Here, wanneer dinge gebeur waarvan ons nie hou nie, wanneer die lewe druk en ons sukkel om te verstaan wat U vir ons wil sê, help ons om te ontspan en op U te wag, terwyl U die bestanddele meng en die beskuit bak.
Ons kan nie wag vir die beskuit nie.

Daar is baie dinge waarvan ons nie hou nie en die mengproses is nie altyd lekker nie, maar kom ons ontspan en fokus op die eindproduk. Kom ons sien met verwagting uit na dit wat God vir ons wil gee.

My "beskuit" is in die Here se oond!! Ek kan nie wag nie...!

Amen!!"

Of dit boer-, karringmelk-, volgraan-, gesondheids- of semelbeskuit is,
geniet dit wat God vir jou voorsit!

🍞🥛🌾🥐🌾🍞🥛🥐

Dankie Tjaart vir die mooi bydrae



# Uit die Voorsitter se venster

So, op 'n drafstappie is 2024 al weer in maand twee.  Moeilik om te dink dat die tyd vir ons so snel verby gaan.  Maar hoe sê die slim mense, "Time flies when you are having fun".  Ek hoop op hierdie drafstap is daar sommer baie genotvolle tye vir een en almal.

Met ons Rietvalleiers gaan dit oorwegend goed, met die een en ander lid wat olik is.  Ons dink in besonder aan Tannie Roekie wat deur 'n moeilike tyd gaan en ons bid almal saam vir genade van Bo.  Tannie Elsette Jacobs sukkel bietjie met die hart en ook hier glo en vertrou ons vir volkome herstel.  Dink asseblief ook aan Hennie Maas, met wie dit besonders moeilik gaan.

Op gebiedsvlak is daar nou weer 'n vraagteken oor die samestelling van die nasionale bestuur en ons as Rietvallei het reeds terugvoer hieroor gegee.
Dankie vir julle insette deur WhatsApp.

Dan lê ons jaarlikse Presidente voor in Maart 2024 by Klipdraai en soos ek verstaan is daar nog heelwat staanplek beskikbaar.  Bederf jouself en die gesin en gaan ontspan oor 'n lang naweek en geniet 'n heerlike basaaratmosfeer.

Hier op Rietvallei tuisbodem speel ons tans lekker "Hangman" om te probeer vasstel waar die spookkamp gaan wees.  Dit is juis vir my lekker om almal se raaiskote te deel en die meelewende manier waarop ons lede hierdie spookkamp aanpak, is regtig 'n riem onder die hart.  Onthou, hierdie is 'n eerste vir my, so help en speel saam om dit 'n uitstaande kamp te maak.

Ek wil afsluit en julle aanspoor om ook die artikel te lees rakende ons jaarlikse AJV saamtrek.  Daar is 'n paar voorstelle waaraan ons flinke Bestuurspan werk om ons nie-kampende lede te probeer betrek.  Ons wil dit graag tydens die 2024 AJV bespreek.  Jul insette, soos gewoonlik, sal vir ons baie help.

Mag ieder en elk 'n besondere kwartaal beleef en mag ek so bevoorreg wees om sommer almal by die spookkamp te sien.

Rietvallei groete

*Pieter*

# Meningspeiling AJV

Augustus is AJV-maand in SAWA en dan trek Streek Rietvallei saam by 'n oord met 'n gawe vergaderlokaal, soos Klein Paradys (Modimole) of Dube om AJV te hou so op 'n Saterdag.

Met tyd is Rietvalleiers se omstandighede besig om te verander en minder van ons kom by 'n AJV saamtrek uit. Sommige het nie meer woonwaens nie en indien hulle nog saam kom kamp in huisies en chalets, is dit meesal in die week omdat naweek akkommodasie aansienlik duurder is. 'n Paar Rietvallei vriende se woonwaens staan nie by hul woonplek nie en dit is net nie prakties om die woonwa uit berging te haal net vir 'n naweek nie. Dink ook aan die lede wat skofte werk of deel is van druk produksieprogramme, waar 'n "naweek af" eintlik nie 'n opsie is nie.

Rietvallei het begin dink (riskante besigheid!) oor die probleem en wil dit graag bespreek by die AJV vanjaar. Intussen vra ons dat die Rietvalleiers die saak bedink. Ons het die een of ander slim benadering nodig om dit aan te spreek, voordat dit 'n probleem word. Tans is van die bes bygewoonde geleenthede op die Rietvalleidagboek die Jaareindfunksie en die AJV en ons wil dit graag so hou.

Oplossings om te oorweeg sluit in:

1. Bly by die huidige reëling van die AJV by die Augutus saamtrek. Aanvaar dat nie almal die saamtrek of die vergadering kan bywoon nie. Sorg net dat die nodige kworum die saamtrek bywoon, want om tans 'n kworum "vol te kamp" is ook nie so moeilik nie. Maar dan sluit mens 'n aantal lede van meet af uit.
2. Hou die Augustus-saamtrek by 'n naby oord (soos Nkwe of oorde binne dieselfde soort van afstand) en vra diegene wat nie die saamtrek bywoon nie, om die AJV daar by te woon.
   (Nkwe het redelik goed gewerk vir die AJV, maar was nie van die mees gewildste saamtrek oorde nie).
3. Hou twee geleenthede:
   - Die Augustus saamtrek as 'n gewone saamtrek naweek.
   - Die AJV by 'n sentrale plek / saal soos De Meerpaal (waar ons kuiergeleenthede en selfs werkwinkels gehou het) of elders, waar die fasiliteit goedgunstiglik beskikbaar is, of ten minste bekostigbaar is.

   Die voordeel is dat meer lede dalk so 'n geleentheid kan bywoon en dat die Rietvalleiers na die AJV verrigtinge moontik 'n lekker kuiergeleentheid kan hou, sodat ons mekaar weer 'n slag "te siene" kan kry. Die moontlikheid om die AJV by 'n aftree-oord met goeie braaigeriewe aan te bied, is ook aangebied.

Sit asseblief julle "dinkkêppies" op en "bedink" die moontlikhede voorhande en ook wat nie voor hande is nie. Laat weet julle gedagtes aan ons by rietvallei.sawasekr@gmail.com. Dan kan ons intussen 'n idee van julle menings hieroor kry. Ideaal gesproke sou mens graag met redelik deurgedinkte idees na die AJV gaan, om formele besluitneming te vergemaklik.

Julle menings asseblief?

# Seniors

<u>(Stukkie geleen)</u>

**As die aarde se fondamente skud, en jy saggies begin bid:**
**"Here, beskerm ons"**

**As jy na die hemelruim kyk en besef hoe klein jy is en dat jy niks in God se skepping kan beheer nie,**

- **nie droogte nie,**
- **nie reën nie,**
- **nie hael of donderstorms**
- **of sneeu nie,**
- **nie wind nie,**
- **nie seisoene nie,**
- **nie die see, vulkane**
- **of tsunamies nie.**

**Dan wonder jy, wat is die mens dat God aan hom dink. Wat is die mens dat God vir ons omgee? Maar vir God is ons net 'n bietjie minder as engele. Ons is die kroon van Sy skepping. Nie aardbewings of oorstromings nie, nie die oop sluise van die hemel nie, nie die opkoms van die son of die skemeruur nie, nie die draai van die aarde of die maan om sy wentelbaan nie, ja, tenspyte van alles, heg God groot waarde aan ons elkeen.**

**Daarom moet ons stil raak in diep bewondering van ons Skepper, Hy wat altyd sorg, ons beskerm en lei. Absoluut alles is in Sy hande, en die wete dat niks, maar niks in hierdie wêreld, ons van Sy liefde kan skei nie, laat my hart bedaar, want ek weet:**

**Selfs ék, ja ék, is in Sy Hande!**






# KAMPNUUS

**Januarie 2023 se afskop was by Zelpy.**



**Die dapper stapper van Rietvallei.**

Februarie se kamp was by Almega – Dinokeng







## Toekennings 2023








Sieg en Annatjie
190 Streek toekenning


Frans en Stefanie
180 Sreek toekenning



Hennie en Anne-Marie

# 170 Sreek toekenning en 225 Algemeen

## Verjaardae vir Januarie en Feburie 2024/Huweliksherdenkings





# Storietyd

## Blou Maandag word 'n vrolike kleurvolle dag

**(Sommer net iemand)**

Maandae is blou. Daar is geen ander kleur om dit te beskryf nie. Die ander dae van die week het nie noodwendig 'n kleur nie, net Maandae. Blou is mos die kleur van minder goed voel. Dink nou maar aan André Swiegers se liedjie Blou. 'n Baie mooi, maar melankoliese lied. Luister ek op 'n Maandag daarna en ek mag dit dalk ooweeg om my pols af te kou. As Boomtown rats se liedjie "I don't like Mondays" net daarna speel, verstaan ek hoekom soveel mense op 'n Maandag terugklim in die bed en sommer vir 'n week daar bly. Winter is ook blou, sien ek toe ek ry om 'n paar van my blou teepotte by die winkel waar dit uitgestal word te gaan aflaai. Dit is darem een blou saak wat vir my werk en blou en wit teepotte.

By die mini-sirkel naby my bestemming, sny 'n taxi voor my in. 'n Motorfietsryer skiet langs hom verby en val homself te pletter op die sirkel. Ek slaan remme aan en die boksie met berugte blou en wit blommetjies-teepotte duiwel vooroor. Ek hoor 'n breekgeluid en weet my bestelling het in hulle dinges in gebreek, of ten minste 'n deel daarvan. Selfs die blou teepotte draai op 'n Maandag teen my.

Daar by die mini-sirkel dam die verkeer op. Ek bel die nooddienste en gaan hurk by die 'biker', wat gelukkig nie ernstig seergekry het nie. Hy sit regop en vryf 'n seer knie deur 'n flenters blou denim.

Die baas van die winkel staan al buite en wag toe ek 'n halfuur later daar stilhou. Hy kom nader en maak die agterdeur vol verwagting oop om die boksie uit te laai. Hy soek sý blou teepotte, want die klant wou hulle s'n al gister gehad het.

"Die goed het omgeval en die sitplek voor dit getref.
Ek dink daar is skade," piepie ek op sy battery.
"Nou hoe verpak jy jou werk dat dit kan breek?"
"Dit is goed verpak, maar ek moes hard rem."
"Nou hoe ry jy dat jy so hard moes rem?"

Dit is duidelik dat alles wat hierdie blouwordende Maandag laat skeef loop my skuld is. Die man kyk my so woes aan, jy sou sweer ek het massamoord gepleeg.

In die winkel maak ons die boks oop en pak uit.  Deur die genade het net een pot se tuit in die slag gebly.  Die klant kan gelukkig tussen die drie ander heel teepotte kies.

Later ry ek huis toe en pak my leerhard kleiwerk uit, om dit te verf.
Die tyd is min, ons volgende groot uitstaling is om die draai.

My hand mik vir die kobalt blou waarmee ek gewoonlik die potte se agtergrond verf, maar ek besluit daarteen en kies mangaan op die rak.  Dit is net die agtegrond, want op hierdie een Maandag gaan ek 'n slag mal raak met kleur.  Rooi en oranje blommetjies, geel sonskyn madeliefies en vrolike pienk, maroen en wit kosmos.

My Maandag raak skielik so uitspattig vrolik, dat ek sommer 'n blik goudgeel olieverf van die rak af gryp, om die vaalblou posbus by die hek helder sonskyn te gaan optower!

END.








# Kom ons lag 'n slag

Frikkie kom by sy ma en vra: "Mamma, as mens regtig nie anders kan nie, en jy moet vloek, is dit beter om die 'F' word te gebruik of om die Vader se naam ydelik te gebruik?" Sy ma sê: "Nee mens mag glad nie een van die twee gebuik nie, dis baie lelik!" Frikkie: "Maar as mens regtig nie anders kan nie, wat dan?" Ma: "Gebruik dan liewer die 'F' word, maar net as jy nie anders kan nie!" Frikkie: "Goed dan, ma – daar sit 'n hottentotsfok op jou kop!"




Kallie vra vir Mike of hy dink Portugal ver van hier af is. Mike sê "hy glo nie, want op laerskool was daar Portugese in sy klas en hulle het sommer met hulle fietse skool toe gery!"


Kallie, Mike en Gerrie is gestrand, al vir maande op 'n pragtige eiland. Eendag spoel daar 'n bottel uit met 'n briefie in. Hulle maak dit oop en lees: "Ek is 'n goeie-wens-bottel. Elkeen van julle kry een wens." Kallie sê dadelik: "Ek wens ek was nou op my plaas." Woep weg is Kallie. Gerrie kyk so rond en sê: "Ek wens ek was nou by my eie huis." Woep weg is Gerrie. Ou Mike kyk rond, krap sy kop en sê: "Sjoe, ek wens ou Kallie en Gerrie was nou hier!"

Die Ma ry met twee kleintjies (3 en 5) in die kar. Die kinders is onhebbelik stout en raas en raas, maar wil nie luister nie; wat nog te sê van stilsit. Sy vererg haar en trek van die pad af, klim uit en wiks die 2 goed! Sy sit hulle terug in die kar en sê: "Nou wil ek nie weer 'n word hoor nie." Na so 'n paar minute sê die oudste: "Mamma, ek wil iets sê." "Net vinnig, sê die ma, want jy is nou veronderstel om stil te bly." Sê hy: "Ek wil net vir Mamma sê: Liewe Jesus gaan hiervan hoor!!"

Zuma en Malema kamp uit in die bos, hulle maak toe 'n vuur om kos te maak. Dit begin donker raak en die muskiete byt hulle, dit raak so erg dat hulle jeuk van kop tot tone. Zuma sê vir Malema om die vuur dood te maak. Hy gooi water en sand op en dis toe pikdonker. Later sien Malema 'n klomp vuurvliegies … hy skreeu vir Zuma: "hardloop, die muskiete is terug met torches om ons te soek!"

Malema vra 'n toordokter op watter dag hy doodgaan? Toordokter: "Op 'n Boerevakansiedag!" Malema: "Aau, hoekom?" Toordokter: "Enige dag wat jy doodgaan sal vir die Boere 'n vakansiedag word."

<u>Kampkos</u>


Best Steak Marinade
• 1/3 cup Soy sauce
• 1/2 cup Olive oil
• 1/3 cup Fresh lemon juice
• 1/4 cup Worcestershire sauce
1 1/2 tablespoons Garlic powder

## SAWA lede met besighede of stokperdjies!!

Ons sal jul advertensies plaas vir slegs R250 vir die jaar! Belangstellendes kan gerus 'n voorbeeld van die advertensie vir Magda Britz ( magdabritz@gmail.com ) deurgee.







*Magda Britz*